Musiek

Musiek: Musiekblyspel
Buddy – The Buddy Holly story
Met Andile Magxaki, Ayanda Sibisi, Brendan Peyper, Donae Brazer, Etienne du Plessis, Hugh Becker, Jaco Cilliers, Malcolm Gooding, Mortimer Williams en Simeon Hamman.
Musieregie: Jaconell Mouton
Gradering: Gesin
Datum en tyd: Di 25 Jun 18:00; Wo 26 Jun 10:00; Do 27 Jun 18:00; Vr 28 Jun 09:00
Venue: Nelspruit Hoërskool Ouditorium
Tydsduur: 140 minute
Prys: R152

Amper ses dekades na sy ontydige dood, maak Buddy Holly se musiek steeds vuur in die harte van aanhangers regoor die wêreld! En selfs 29 jaar na die eerste vertoning van *The Buddy Holly Story* in Londen se West End, dans en sing gehore steeds wêreldwyd saam op die *rock 'n roll*-ritmes. Hierdie opwindende musiekblyspel, geskep deur Alan Janes, vertel die storie van Buddy sedert sy eerste optredes as 'n tradisionele country-sanger tot "die dag wat die musiek gesterf het" - met verwysing na Don McLean se liedjie *American Pie* na die tragiese vliegongeluk waarin Buddy gesterf het. Hierdie produksie is 'n energieke en inspirerende ervaring ter viering van hierdie musiekpionier se bydrae tot musiek. Dit handel oor die kort loopbaan van Buddy Holly wat saam met sy hoërskoolvriende countrymusiek omgekeer het en van die mees-geliefde *rock 'n roll*-liedjies van alle tye geskep het. Kom dans en sing saam met gunstelinge soos "Peggy Sue," "Oh Boy," "Maybe Baby," "That'll Be the Day," "Raining In My Heart," Ritchie Valens se "La Bamba" en die Big Bopper se " Chantilly Lace." 'n Wonderlike viering van die vyftigerjare se tydlose musiek.

Musiek: Kontemporêr
Musiek en Liriek – 40 jaar later
Met Anton Goosen, Coenie de Villiers, Jannie du Toit, Steffie le Roux en Schalk Joubert.
Musieregie: Schalk Joubert
Gradering: Gesin
Datum en tyd: Wo 26 Jun 18:00; Do 27 Jun 11:00; Vr 28 Jun 16:00; Sa 29 Jun 09:00
Venue: Nelspruit Hoërskool Ouditorium
Tydsduur: 90 minute
Prys: R152

As daar een jaar was wat as die waterskeiding vir musiek in Afrikaans beskou kan word, is dit 1979 toe die Musiek-en-liriek-beweging ontstaan het. Anton Goosen het die eerste kunstenaar geword wat 'n album in Afrikaans vrygestel het waarvan hy al die musiek en lirieke self geskryf het. Dit was deels 'n teenreaksie teen die vertalings van oorsese spookasemtreffers. Dit was die begin van 'n beweging wat die weg gebaan het vir die bevryding van Afrikaans. Kunstenaars soos Anton Goosen, Laurika Rauch, Mynie Grové, Jannie du Toit, Koos du Plessis, Coenie de Villiers en andere was toonaangewend.

Dit is veertig later, en die daardie Afrikaanse musiek uit eie bodem is steeds tydloos, klassiek en as't ware deel van ons DNA. Kom luister na die Liedjieboer en sy mede-musiekmakers!

Musiek: Musiekteater
Tweespoor
Met Richard van der Westhuizen, Steffie le Roux, Andrew Roos, Mariëtte Galjaard en Izelle Claassen.
Musieregie: Andrew Roos en Mariëtte Galjaard
Gradering: Gesin
Datum en tyd: Wo 26 Jun 12:00; Do 27 Jun 18:00; Vr 28 Jun 10:00; Sa 29 Jun 14:00
Venue: Church Unlimited
Tydsduur: 80 minute
Prys: R142

Richard van der Westhuizen en Steffie le Roux stap in spore wat lei na die mooiste stories soos nét oorvertel kan word deur hierdie twee talentvolle musiekkunstenaars.
In hierdie nuwe produksie word musiek en liriek naatloos byeen gebring en lê die trefkrag in die eenvoud daarvan. Warmte, hartlikheid en eerlikheid is die kenmerke van sowel Richard en Steffi se werk; presies waarna ’n mens se siel soms so verlang.
In hul kreatiewe repertoire is liedjies soos “Wag nog ’n Bietjie”, “Hier waar jy hoort”, “Tweemantent”, “Tussen treine” en “Dans in die reën”.

“Ons almal laat iewers, êrens, ’n spoor. Ons trap spore, ons los spore, ons is op ’n spoor of ons is sommer net spoorloos. Neem die spoor en kom saam op reis...”

Musiek: Kontemporêr
CH3
Met CH2 (Corneille Hutten en Dirkie van Staden) en Chris Chameleon
Musieregie: Chris Chameleon en Corneille Hutten
Gradering: Gesin
Datum en tyd: Wo 26 Jun 18:00; Do 27 Jun 18:00
Venue: Sudwala-grotte
Tydsduur: 75 minute
Prys: R142

Beide Chris Chameleon en CH2 is bekend daarvoor dat hulle dikwels die grense van hul genres toets, sodat hul gehore altyd iets nuuts en verrassend te wagte kan wees!
Chris Chameleon se briljante stemgebruik en magnetiese verhoogpersoonlikheid kombineer in hierdie produksie met die vernuftige kitaarspel en musikale vuurwerke van CH2 se fusion-styl met Spaans-Latynse-Afrika-ritmes en sommer lekker Afrikaans.

Word verras met hoe Chris Chameleon teks en melodie by die dinamiese oorspronklike werk van CH2 voeg en splinternuwe liedere skep, terwyl CH2 op hul beurt weer van Chris se grootste treffers nuut verwerk.

CH2 skep op hulle beurt weer verwerkings van Chris se grootste treffers om 'n vertoning uit die boonste rakke en van internasionale gehalte aan te bied. ’n Produksie enig in sy soort wat nie misgeloop moet word nie.

Musiek: Kontemporêr
Eggo’s in die grotte
Met André Schwartz, Demi Lee Moore, Chris Chameleon en CH2
Musieregie: Corneille Hutten
Gradering: Gesin
Datum en tyd: Vr 28 Jun 18:00
Venue: Sudwala-grotte
Tydsduur: 80 minute
Prys: R152

Daar is nouliks ’n konsertsaal wat kan kers vashou by die grootse en besonderse atmosfeer van die Sudwala-grotte, en hierdie musiekproduksie beloof om eweneens groots te wees!
Demi Lee Moore, 2018-wenner van *Die Kontrak* is vir die eerste keer in die Laeveld te sien.

Saam met haar is die musiekblyspel-ster André Schwartz, Chris Chameleon en CH2 om gestalte te gee aan musiek sonder weerga wat nog lank in die herinnering sal eggo. Jy kan ook hierdie konsert gratis bywoon deur sekere take te verrig. Hou die pers dop vir verdere inligting.
Dit is selde dat ’n mens die kans kry om soveel talentvolle musikante tesame te beleef, so maak seker jy loop nie hierdie produksie mis nie!
Hou die media dop! Jy kan ook hierdie besondere produksie se kaartjies gratis bekom deur iets vir jou omgewing en gemeenskap te doen.

Musiek: Opera

La Bohème deur G. Puccini

Met Celeste Morales (Mimì), Glenn Seven Allen (Rodolfo), Annemarie Steenkamp (Musetta), Solly Motaung (Marcello), Conroy Scott (Colline), Corniël Calitz (Schaunard), Daniël Verster (Alcindoro) en die Sempre Vino-koor van Mbombela
Regie: Magdalene Minnaar
Klavier en Musikale Regie: José Dias
Vervaardiger: Walter Fourie
Gradering: Gesin
Datum en tyd: Sa 29 Jun 18:00; So 30 Jun 12:00
Venue: Mbombela Stadsteater
Tydsduur: 100 minute
Prys: R142

La Bohème is een van die mees gesogte, gewilde en geliefde operas in die Klassieke repertorium. Met 'n storielyn wat oor liefde, jaloesie en die ongenaakbare realiteite van die lewe handel, breek La Bohème al vir meer as ’n honderd jaar sedert sy première in 1896 gehore reg oor die wêreld se harte. Die rede hiervoor is sonder twyfel Giacomo Puccini se meesterlike kennis en uitvoering van menslike emosies in sy onvergeetlike melodieë en passievolle musikale lyne. Die verhaal van 'n groep boheemse kunstenaars met groot drome en bitter min besittings - en ook spesifiek die digter Rodolfo en naaldwerkster Mimì se onstuimige liefdesverhaal - sal die Innibos-gehore beslis betower.

Hierdie produksie van La Bohème spog met ’n uitmuntende internasionale rolverdeling. Die twee hoofrolle word vertolk deur die sopraan Celeste Morales en tenoor Glenn Seven Allen (beide van New York) met ’n verdere uitstaande plaaslike rolverdeling met Solly Motaung, Conroy Scott (beide bariton) en sopraan Annemarie Steenkamp. Die bekende Suid Afrikaanse sopraan en regisseur, Magdalene Minnaar, hanteer die regie en bekroonde Portugese pianis José Dias lei die produksie vanaf die klavier. Die gehoor kan uitsien na ’n betowerende en besondere musiekteater-ervaring by Innibos, met die spesiale deelname van die Mbombela-koor Sempre Vino.

Glenn Seven Allen

Celeste Morales

Magdalene Minnaar

Hierdie program onderhewig aan veranderinge.